# Lesing 03.08.2018 - Lesing 10 - Die verskillende menserasse en hulle uiteindelike doel

Wie was Gam se voorsate?

Ons sal nou verder moet gaan soek wie hierdie Gam se voorsate was, want met die inligting tot ons beskikking, staan die volgende feite vas:

- Gam was swart
- Gam het `n swart vrou in die Ark gehad
- Noag was nie Gam se biologiese pa nie.
- Naäma was nie Gam se biologiese ma nie.
- Gam word wel `n "seun" genoem, en moes dus aangenome wees.
- Gam moes om `n sekere rede toegelaat gewees het in die ark.

Om te verstaan wie Gam se stamvader was en waarom daar een van sy nageslag op die ark moes gaan, sal ons nou die geskiedenis van Kain van naderby bekyk in ***Die Huishouding van Elohim***, deur Jakob Lorber.

Boek 1 beskryf vir ons dat Kain wel later in sy jare berou getoon het oor die moord op sy broer Abel en dat vergifnis aan hom toegestaan was deur JaHWeH. Ons Vader het vir Abel as vuurengel na hom gestuur om die boodskap oor te dra dat sy berou aanvaar is. Ons lees in Hfs 24:

**Die ontwikkeling van Kain se geslag**

***Huishouding 1:25 [3]*** *En sien, so leef hierdie Atheope (vroeër as Kain bekend) nog, **natuurlik en geestelik**, tot op die oomblik as `n nimmereindigende waarnemer van julle doen en late, verborge op `n klein eilandjie, wat geen sterfling ooit sal vind in die middel van die groot water nie!*

*[7] **En hy was getuie van My geboorte en My nuwe skepping deur die grootste van al My werk, naamlik deur die werk van die verlossing**. En so sal hy ook bewaar bly tot by die volledige neerdaling van My gewyde stad, wat nog nie `n aanvang geneem het nie. Aldaar sal hy ook heeltemal opgeneem word **as `n troue poortwagter**; want behalwe Myself, ken niemand die slang so deur en deur as hy, wat die meeste van haar ondervind het nie.*

*[8] En sien, dit is die geskiedenis van Kain, wat nou aan julle gegee is om ryplik oor julleself na te dink, sodat julle daardeur vroeër en makliker die fynste wortels van die bose in julleself mag vind en herken om dit tot in hulle diepste grondslae te vernietig, om sodoende in My liefde die reeds so lank verlore paradys weer te vind en eindelik ware, getroue burgers van My nuwe, groot, gewyde stad te word, omdat Ek vir julle almal die allertrouste, allergewyde en allerbeste Vader is van alle ewighede van die ewighede. Amein. "*

Hierdie nuwe Kain, nadat hy dus nou swart geword het, is Atheope genoem, en wat toe later Ethiopië bevolk het, MAAR!! wat ook Kush beteken, naamlik die naam van die eersgeborene van Gam!

Daar is dus die verband tussen Gam en Kain. Gam noem sy eerste seun na sy oupa of dalk pa, verseker met die toestemming van sy aangenome pa, Noag. Die vraag hoekom Gam dan nou op die ark moes klim, siende dat die vloed nie Atheope se nageslag sou raak nie, is die volgende:

Daar moes `n getuie op die Ark wees vir die nageslag van die Athehopiërs, want hierdie genade wat Kain ontvang het, was bevestig in `n ewige verbond met JaHWeH, sodat die nageslag van Kain/Atheope altyd sou kon weet dat Vader hulle geslag ook in genade aangesien het. Maar, baie belangrik, Kain/Atheope het **`n ander en verskillende verbond met JaHWeH gehad** as die verbonde wat met Adam, en toe met die latere Abraham gesluit is. Kom ons lees weer wat in Huishouding 1 staan:

*"En sy stam is nie gedood deur die vloedstrome nie en is tot op hede vandag nog dieselfde, **om te getuig van die toenmalige en hedendaagse gruweldade van my en Hanoch se kinders**.*

*[3] En sien, so leef hierdie Atheope nog, **natuurlik en geestelik**, tot op die oomblik ..."*